**SKDBM**

SKDB SENTRUM/CENTRE Middelstraat 153; Nu-Muckleneuk; Posbus 1879; GROENKLOOF; 0027

T: 012 460 2711/3029; F: 086 613 8152; epos: skdbm@mweb.co.za

'n Maatskappy Sonder Winsoogmerk (NPC) Reg. nr. 1941/014458/08; NPO 072-735

Ons bring Hoop

# REAKSIE OP SENTRALISERING VAN VOEDSELVERSPREIDING

Ons het kennis geneem van die skrywe van die Gautengse Dept van Maatskaplike Ontwikkeling oor die sentralisering van voedselverspreiding in dié Provinsie. Ons het ook kennis geneem van berigte dat daar in ander Provinsies soortgelyke vereistes in sommige munisipale streke gestel word. Teen die agtergrond van hierdie dryf na sentralisering van voedselverspreiding, stel die SKDBM kantoor hiermee sy siening oor die saak, om as riglyn vir diensorganisasies te dien.

1 Die koördinering en regverdige verspeiding van materiële hulp, en by name voedselverspreiding, in 'n land waar die bronne te min vir die nood is, is deurlopend 'n groot uitdaging vir alle rolspelers. Koördinering is vir geloofsgebaseerde organisasies 'n Bybelse beginsel, "…*sodat daar ewewig sal wees…"* (2 Kor.8:13) en *"Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie."* (2 Kor.8:15). Die SKDBM ondersteun dus die staat in sy pogings vir 'n eweredige verspreiding van voedsel tydens die Covid-19 pandemie, maar die poging om dit te sentraliseer en by wyse van permitte te reguleer, blyk nie die korrekte weg te wees nie.

2 Ons het volle begrip vir die gevare van groot samekomste, en selfs samedrommings, in terme van Covid-19 en die inperkingsmaatreëls en moedig lidorganisasies aan om streng aan die betrokke regulasies te voldoen.

3 Omdat materiële hulpverlening en die verspreiding van voedsel nog altyd 'n uitdaging was, het diensorganisasies oor baie jare hul eie donateurs gewerf en verspreidingskanale geskep. Goeie verhoudings met donateurs en begustigdes het daarom vir diensorganisasies 'n ononderhandelbare deel van hul dienslewering en voedselverspreiding geword.

4 SKDBM diensorganisasies poog dus deurlopend om die lyn tussen die bron of donateur en die ontvanger of begunstigde so kort as moontlik en op plaaslike vlak te hou, sonder om die etiese maatskaplike beginsel van vertroulikheid te kompromitteer.

5 Die barmhartigheidsbediening aan mense in nood word in die Kerk en geloofsgebaseerde organisasies ook as 'n ononderhandelbare *roeping van die Here* gesien.

6 Die sentralisering van voedselverspreiding word as 'n onpraktiese werkswyse gesien, veral waar vars produkte dikwels deur boere geskenk word. Sodanige produkte sal nie vars gehou kan

*Direkteure: Ds. J H P Serfontein (V), Ds J H van Loggerenberg (O-V), Dr R B van Aarde (S), Mnr J B Kruger, Ds D H Janse van Rensburg, Adv. S A Visser, Mev. A Booysen, Mnr. J N Swart, Mnr. C A S Weber; Dr. A K le Roux, Ds. P J Grobler, Dr. M Van Niekerk*

word as dit eers na ‘n sentrale pakhuis vervoer word, en daarna weer na die punt van hongersnood geneem word nie.

Teen die agtergrond van die bogenoemde, word diensorganisasies aangemoedig om nougeset by die inperkingsregulasies, soos in die staatskoerant van tyd tot tyd gepubliseer, te bly. Bly ook sover moontlik by die Provinsiale en plaaslike reëlings van DSD, maar gaan voort met die programme en aksies wat reeds voor die inperking bedryf is. Dit blyk dat die diensorganisasie se normale noodlenigingswerk as ‘n noodsaaklike diens beskou word en nie deur Provinsiale en plaaslike riglyne beïnvloed sal word nie.

Hierdie riglyne kan ook vir gemeentes geld.

Botha van Aarde

……..

*Direkteure: Ds. J H P Serfontein (V), Ds J H van Loggerenberg (O-V), Dr R B van Aarde (S), Mnr J B Kruger, Ds D H Janse van Rensburg, Adv. S A Visser, Mev. A Booysen, Mnr. J N Swart, Mnr. C A S Weber; Dr. A K le Roux, Ds. P J Grobler, Dr. M Van Niekerk*